



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

STATUTÊRE DEBITEURE **(AERP 108)**



AERP 108

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2013 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar, versend, of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Statutêre Debiteure

Doelstelling	.01
Omvang	.02 - .04
Woordomsrywings	.05
Erkenning	.06
Onterkenning	.07 - .09
Meting	.10 - .29
Aanvanklike meting	.10
Daaropvolgende meting	.11 - .28
Opgeloopte rente	.12 - .14
Ander koste	.15
Waardedalingsverliese	.16 - .29
Aanbieding en openbaarmaking	.30 - .41
Algemeen	.30 - .31
Openbaarmaking	.32 - .41
Oorgangsbepalings	.42
Datum van inwerkingtrede	.43
Bylae A – Toepassingsriglyne	
Bylae B – Gevolglike wysigings aan ander Standaard van AERP	
Grondslag vir gevolgtrekkings	

STATUTÊRE DEBITEURE

Inleiding

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) wat deur die International Accounting Standards Board uitgegee is, goedgekeur om vir hierdie entiteite AERP te wees waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaard van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaard van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaard van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP word in paragraaf .01 tot .43 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellings daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaard van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaard van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaard van AERP en Vertolkings van die Standaard van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaard van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard daarna uitgegee word. Paragraaf .12 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doelstelling van hierdie Standaard is om rekeningkundige vereistes voor te skryf vir die erkenning, meting, aanbieding en openbaarmaking van statutêre debiteure.

Omvang

- .02 'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard by die in rekening bring van statutêre debiteure toepas.
- .03 Hierdie Standaard het nie betrekking op die volgende debiteure nie, behalwe indien anders aangedui:
- (a) Debiteure en enige ander finansiële bates wat voortspruit uit kontraktuele reëlins waarop die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente van toepassing is.
 - (b) Debiteure waarop die Standaard van AERP oor Huur van toepassing is.
 - (c) Versekeringskontrakte soos omskryf in die International Financial Reporting Standard on Insurance Contracts.
- .04 Statutêre debiteure kan voortspruit uit sowel uitruil- as nie-uitruiltransaksies. Indien hierdie debiteure uit uitruil- en nie-uitruilinkomstetransaksies voortspruit, moet 'n entiteit die vereistes vir erkenning en aanvanklike meting van die Standaarde van AERP oor Inkomste uit Uitruiltransaksies en Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte), toepas asook die vereistes van hierdie Standaard.

Woordomsrywings (Kyk paragraaf TR2. tot TR7.)

- .05 Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenisse:

Drabedrag is die bedrag waarteen 'n bate in die staat van finansiële stand erken word.

Die **kosprysmetode** is (vir doeleindes van hierdie Standaard) die metode wat gebruik word om statutêre debiteure te verreken wat vereis dat sodanige debiteure teen hul transaksiebedrag gemeet word, plus enige opgeloopte rente of ander koste (indien toepaslik), en minus enige opgehoopte waardedalingsverliese en enige bedrae wat onterken is.

Nominale rentekoers is die rentekoers en/of grondslag wat in wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele gespesifiseer word.

Statutêre debiteure is debiteure wat:

- (a) ontstaan uit wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele; en
- (b) vereffening deur 'n ander entiteit in kontant of deur 'n ander finansiële bate vereis.

Die **transaksiebedrag** (vir doeleindes van hierdie Standaard) vir 'n statutêre debiteur beteken die bedrag wat gespesifiseer is in, of bereken, gehef of

gedebiteer word ooreenkomstig wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis gebruik as in daardie ander Standaarde.

Erkenning (Kyk paragraaf TR8.)

.06 'n Entiteit moet statutêre debiteure soos volg erken:

- (a) *Indien die transaksie 'n uitruiltransaksie is, moet die Standaard van AERP oor Inkomste uit Uitruiltransaksies gebruik word.*
- (b) *Indien die transaksie 'n nie-uitruiltransaksie is, moet die Standaard van AERP oor Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte) gebruik word.*
- (c) *Indien die transaksie nie binne die omvang van die Standaarde van AERP val wat in (a) of (b) of 'n ander Standaard van AERP aangetoon word nie, moet die debiteur erken word indien daar aan die woordoms krywing van 'n bate voldoen word en indien dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die bate verband hou, na die entiteit sal vloei en die transaksiebedrag betroubaar gemeet kan word.*

Onterkenning

.07 'n Entiteit moet 'n statutêre debiteur, of deel daarvan, onderken indien:

- (a) *die regte op die kontantvloei uit die debiteur afgelos, verval of daarvan afstand gedoen word;*
- (b) *die entiteit wesenlik al die risiko's en belonings van eienaarskap van die debiteur na 'n ander party oordra; of*
- (c) *die entiteit, ongeag of hy beduidende risiko's en belonings van eienaarskap van die debiteur behou het, beheer oor die debiteur na 'n ander party oorgedra het en die ander party prakties oor die vermoë beskik om die debiteur in die geheel aan 'n onverwante derde party te verkoop, en in staat is om daardie vermoë eensydig en sonder dat daar bykomende beperkings op die oordrag geplaas word, uit te oefen. In hierdie geval moet die entiteit:*
 - (i) *die debiteur onderken; en*
 - (ii) *afsonderlik enige regte en verpligtinge wat tydens die oordrag tot stand gekom het of behou is, erken.*

Die drabedrae van enige statutêre debiteure wat oorgedra is, moet toegedeel word tussen die regte of verpligtinge wat behou is en dié wat op grond van hul relatiewe billike waardes op die oordragdatum oorgedra is. 'n Entiteit moet dit oorweeg of enige onlangs geskepte regte en verpligtinge binne die bestek van die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente of 'n ander Standaard van AERP val. Enige verskil tussen die teenprestasie wat ontvang is en die bedrae wat onderken is en daardie bedrae wat ooreenkomstig hierdie paragraaf erken is, moet in die tydperk van die oordrag in surplus of tekort erken word.

.08 Dikwels word statutêre debiteure onderken wanneer die verskuldigde bedrae deur die debiteur betaal word. 'n Entiteit kan oor die vermoë beskik om afstand te doen van sy regte om ooreenkomstig wetgewing, regulasies of 'n spesifieke beleid kontantvloei van 'n statutêre debiteur te ontvang. 'n Entiteit kan byvoorbeeld as gevolg van die

instelling van 'n nuwe beleid instem om afstand te doen van die invordering van bepaalde verskuldigde bedrae. Die verstryking van regte wat met statutêre debiteure verband hou, sal tipies deur wetgewing, regulasie of iets soortgelyks beheer word.

- .09 'n Entiteit kan oor die vermoë beskik om die geheel of deel van sy statutêre debiteure aan 'n derde party te verkoop of oor te dra, byvoorbeeld die sekuritering van skuldenaars in 'n finansieringstransaksie. Indien sodanige transaksies tot stand kom, moet 'n entiteit in ag neem of hy al die risiko's en voordele wat met sy debiteure verband hou, wesenlik oorgedra of behou het. Indien dit nie uit 'n evaluering van slegs die risiko's en vergoeding duidelik is nie, moet 'n daaroor entiteit besin of hy beheer oor die debiteur behou al dan nie.

Meting

Aanvanklike meting (Kyk paragraaf TR9. tot TR13.)

- .10 *'n Entiteit moet aanvanklik statutêre debiteure teen hul transaksiebedrag meet. Die statutêre debiteure in paragraaf .06 moet aanvanklik ooreenkomstig die tersaaklike Standaard van AERP gemeet word. Die bedrag wat by aanvanklike meting ooreenkomstig 'n ander Standaard van AERP vasgestel word, is dieselfde as die transaksiebedrag wat in hierdie Standaard beskryf word.*

Latere meting

- .11 *'n Entiteit moet statutêre debiteure ná aanvanklike erkenning met behulp van die kosprysmetode meet. Ooreenkomstig die kosprysmetode word die aanvanklike meting van die debiteur ná aanvanklike erkenning gewysig om enigeen van die volgende weer te gee:*
- (a) rente of ander koste wat die debiteur opgeloopt het (waar toepaslik);*
 - (b) waardedalingsverliese; en*
 - (c) bedrae wat ontferk is.*

Opgeloopte rente (Kyk paragraaf TR14. tot TR15.)

- .12 'n Entiteit kan ingevolge wetgewing, ondersteunende regulasies, verordeninge of soortgelyke middele verplig wees of daarop geregtig wees om rente te hef op enige agterstallige of onbetaalde bedrae. In die meeste gevalle word die rentekoers, asook die grondslag vir die heffing van sodanige rente, bv. enkelvoudige of saamgestelde rente, en die gebeure wat tot die heffing van rente aanleiding gee, dikwels in wetgewing of in die ondersteunende regulasies gespesifiseer. Indien rente gehef word, raak dit die daaropvolgende meting van statutêre debiteure.
- .13 *Indien 'n entiteit rente op die uitstaande saldo van statutêre debiteure hef, moet hy die transaksiebedrag na aanvanklike erkenning aanpas om enige opgeloopte rente weer te gee. Opgeloopte rente word bereken met gebruik van die nominale rentekoers.*
- .14 *Rente op statutêre debiteure moet as inkomste erken word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Inkomste uit Uitrustingstransaksies of die Standaard van AERP oor Inkomste uit Nie-uitrustingstransaksies (Belastings en Oordragte), wat ook al van toepassing is.*

Ander koste

- .15 'n Entiteit kan ingevolge wetgewing, ondersteunende regulasies, verordeninge of soortgelyke middele verplig wees of daarop geregtig wees om bykomende koste te hef op enige agterstallige of onbetaalde bedrae. Algemene voorbeelde hiervan is strafbedrae en boetes. Indien sodanige bedrae gehef word, pas 'n entiteit die beginsels in paragraaf .13 en .14 toe, asook die tersaaklike Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* of die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)*.

Waardedalingsverliese (Kyk paragraaf TR16. tot TR21.)

- .16 Hoewel statutêre debiteure deur wetgewing of soortgelyke middele ontstaan en entiteite in die geval van niebetaling sekere remedies kan toelaat, neem die waarskynlikheid dat die verskuldigde bedrae ingevorder kan word, mettertyd af. 'n Entiteit moet derhalwe die toepaslikheid van die drabedrag van statutêre debiteure wat op elke verslagdoeningsdatum erken word, bepaal.
- .17 ***'n Entiteit moet op elke verslagdoeningsdatum bepaal of daar enige aanduiding bestaan dat 'n statutêre debiteur, of 'n groep statutêre debiteure, in waarde kon gedaal het. Indien daar enige sodanige aanduiding bestaan, moet die entiteit paragraaf .22 tot .29 hier onder toepas.***
- .18 By die vasstelling of statutêre debiteure in waarde gedaal het, moet 'n entiteit bepaal of daar enige aanduidings bestaan dat:
- (a) individueel beduidende debiteure in waarde gedaal het; en/of
 - (b) groepe soortgelyke, individueel onbeduidende, debiteure in waarde gedaal het.
- Indien daar geen aanduiding is dat 'n individueel beduidende statutêre debiteur in waarde gedaal het nie, word dit in 'n groep soortgelyke debiteure ingesluit en gesamentlik vir waardedaling beoordeel. Indien 'n waardedalingsverlies vir 'n individueel beduidende debiteur erken word, of voortdurend erken word, word daardie debiteure nie by 'n gesamentlike beoordeling ingesluit nie.
- .19 Statutêre debiteure moet saamgegroepeer en gesamentlik vir waardedaling beoordeel word wanneer hulle soortgelyke kenmerke openbaar wat inligting verskaf oor die moontlike invorderbaarheid van die bedrae wat aan die entiteit verskuldig is. Dit kan byvoorbeeld toepaslik wees om statutêre debiteure te groepeer op grond van die tipe transaksie, bv. belastings, boetes of toelaes, aangesien daar vir hierdie tipes transaksies in wetgewing spesifieke remedies vir niebetaling kan wees. Insgelyks kan dit ook toepaslik wees om statutêre debiteure saam te groepeer op grond van die tipe debiteur, bv. kommersiële entiteite en individue, aangesien dit inligting kan oplewer oor bestuur se bedoeling en vermoë om die verskuldigde bedrae in te vorder.
- .20 Waardedalingsverliese wat op 'n groepsbasis beoordeel en/of erken word, verteenwoordig 'n tussenstap in afwagting van die identifisering van waardedalingsverliese op individuele statutêre debiteure. Sodra inligting beskikbaar is wat spesifiek verliese op statutêre debiteure wat in 'n groep voorkom en waarvan die waarde individueel gedaal het, identifiseer, word daardie bates uit die groep verwyder.
- .21 ***By die bepaling of daar enige aanduiding is dat 'n statutêre debiteur, of groep statutêre debiteure, in waarde gedaal het, moet 'n entiteit minstens die volgende aanwysers oorweeg:***

- (a) *Beduidende finansiële probleme van die debiteur, wat gestaaf kan wees deur 'n aansoek om skuldberading, ondernemingsredding of die ekwivalent daarvan.*
 - (b) *As dit waarskynlik is dat die debiteur gesekwestreer of gelikwideer sal word of ander finansiële herorganisasie sal moet ondergaan.*
 - (c) *'n Skending van die bepalinge van die transaksie, soos wanprestasie of agterstallingheid met kapitaal- of rentebetalinge (indien dit gehef word).*
 - (d) *Nadelige veranderinge in internasionale, nasionale of plaaslike ekonomiese toestande, soos 'n daling in groei, 'n styging in skuldvlakke en werkloosheid, of veranderinge in migrasiekoerse en patrone.*
- .22 *Indien daar 'n aanduiding is dat 'n statutêre debiteur, of 'n groep statutêre debiteure, in waarde gedaal het, moet 'n entiteit die waardedalingsverlies meet as die verskil tussen die geraamde toekomstige kontantvloei en die drabedrag. Indien die drabedrag hoër is as die geraamde toekomstige kontantvloei, moet die drabedrag van die statutêre debiteur, of groep statutêre debiteure, verminder word, hetsy regstreeks of deur die gebruik van 'n voorsieningsrekening. Die bedrag van die verlies moet in surplus of tekort erken word.*
- .23 *By die raming van die toekomstige kontantvloei moet 'n entiteit sowel die bedrag as die tydsberekening van die kontantvloei wat hy in die toekoms sal ontvang, in ag neem. Indien die uitwerking van die tydwaarde van geld wesenlik is, moet 'n entiteit gevolglik die geraamde toekomstige kontantvloei diskonteer met gebruik van 'n koers wat die huidige risikovrye koers weerspieël en, indien toepaslik, enige risiko's wat eie is aan die statutêre debiteur, of groep statutêre debiteure, waarvoor die ramings van toekomstige kontantvloei nie aangesuiwer is nie.*
- .24 Om vas te stel of 'n statutêre debiteur of groep statutêre debiteure in waarde gedaal het, raam bestuur die kontantvloei wat hulle verwag om in te vorder op grond van feite en omstandighede op die verslagdoeningsdatum. Hierdie ramings kan enige kontantvloei insluit wat ontvang kan word van enige aanvullende sekuriteit of beswarings wat op eiendom gehou word, minus enige koste aangegaan om die onderliggende bates te bekom, daarop beslag te lê of dit andersins te likwideer. Die kontantvloei uit aanvullende sekuriteit of beswarings wat gehou word, is nie ingesluit in die geraamde kontantvloei wanneer die bestuur nie ten doel het om die aanvullende sekuriteit wat gehou word, op te vra nie. 'n Entiteit kan byvoorbeeld oor die vermoë beskik om op vaste eiendom beslag te lê en dit te verkoop ten einde enige verskuldigde bedrae te verhaal, maar kan kies om nie sodanige aksie uit te oefen nie indien dit waarskynlik is dat dit ekonomiese ontbering kan veroorsaak.
- .25 Die toekomstige kontantvloei van 'n groep statutêre debiteure wat gesamentlik vir waardedaling geëvalueer word, kan geraam word met gebruik van historiese ervaring van debiteure met soortgelyke kenmerke. Entiteite wat oor geen entiteitspesifieke historiese ervaring beskik nie of onvoldoende ervaring het, kan van portuurgroepervaring (indien beskikbaar) gebruik maak vir vergelykbare groepe statutêre debiteure. Dit mag nodig wees om historiese ervaring aan te pas om die uitwerking van huidige omstandighede weer te gee wat nie die tydperk raak waarop die historiese ervaring gegrond is nie en om die uitwerking van omstandighede in die historiese tydperk wat nie tans bestaan nie, uit die weg te ruim. Indien daar van

historiese ervaring gebruik gemaak word, moet die metodologie en aannames wat gebruik word om toekomstige kontantvloei te raam, gereeld hersien word om enige verskille tussen geraamde en werklike waardedalingsverliese te verminder.

- .26 Die proses vir die raming van die bedrag van 'n waardedalingsverlies kan óf 'n enkelbedrag óf 'n reeks moontlike bedrae tot gevolg hê. In die laasgenoemde geval erken die entiteit 'n waardedalingsverlies gelyk aan die beste raming binne die reeks (die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* bespreek beginsels met betrekking tot 'n 'reeks uitkomst'), met inagneming van alle tersaaklike inligting wat beskikbaar is oor omstandighede wat aan die einde van die verslagdoeningstydperk bestaan het voordat die finansiële state uitgegee word.
- .27 ***'n Waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir 'n statutêre debiteur erken is, moet hersien word indien daar 'n verandering was in die ramings wat gebruik is sedert die laaste waardedalingsverlies erken is, of om die uitwerking van die diskontering van die geraamde kontantvloei ooreenkomstig paragraaf .23 weer te gee.***
- .28 Indien die ramings wat gebruik is om 'n waardedalingsverlies in 'n vorige tydperk vas te stel verander, hetsy vanweë veranderinge in die bedrag wat invorderbaar is (soos 'n verbetering in 'n debiteur se finansiële stand) of wanneer dit ingevorder sal word (soos 'n verbetering in die verwagte vereffeningstydperk), word die bedrag van die waardedalingsverlies wat voorheen erken is, aangepas. Enige bedrag wat voorheen erken is, word ook hersien om die verloop van tyd weer te gee indien die geraamde kontantvloei diskonteer word.
- .29 ***Enige voorheen erkende waardedalingsverlies moet aangepas word, hetsy regstreeks of deur die aanpassing van die voorsieningsrekening. Die aanpassing moenie tot gevolg hê dat die drabedrag van die statutêre debiteur of groep statutêre debiteure die bedrag oorskry wat die drabedrag van die debiteur(e) sou gewees het indien die waardedalingsverlies nie erken is op die datum waarop die waardedaling hersien is nie. Die bedrag van enige aansuiwering moet in surplus of tekort erken word.***

Aanbieding en openbaarmaking

Algemeen

- .30 ***'n Entiteit moet die vereistes van hierdie Standaard toepas, asook dié in ander Standaarde van AERP, wat betrekking het op die aanbieding en openbaarmaking van statutêre debiteure.***
- .31 'n Entiteit pas die aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes van hierdie Standaard toe, asook dié in ander Standaarde van AERP, met inbegrip van die Standaarde van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State, Inkomste uit Uitrustingstransaksies, en Inkomste uit Nie-uitrustingstransaksies (Belastings en Oordragte)* by die aanbieding en openbaarmaking van inligting oor statutêre debiteure.

Openbaarmaking

- .32 ***'n Entiteit moet inligting openbaar maak wat gebruikers van sy finansiële state in staat kan stel om die beduidendheid van statutêre debiteure vir sy finansiële***

stand en prestasie te evalueer. 'n Entiteit moet voldoende inligting verskaf om die rekonsiliasie van die inligting in die aantekeninge by die lynitems wat in die finansiële state aangebied word, moontlik te maak.

- .33 Die openbaarmakings in paragraaf .34 tot .41 skets die minimum openbaarmakings wat gebruikers se behoeftes waarskynlik sal bevredig. Bykomende inligting mag egter nodig wees. By die verskaffing van die openbaarmakings in paragraaf .34 tot .41 hier onder moet die entiteit oorweeg of dit gepas is om die openbaarmakings gegrond op die aard van of die tipe transaksie te verskaf. Indien 'n entiteit byvoorbeeld belastinge, boetes en oplopijings het, kan dit toepaslik wees om inligting oor hierdie soort transaksies afsonderlik openbaar te maak.
- .34 ***'n Entiteit moet 'n beskrywing openbaar maak van:***
- (a) ***die wyse waarop die transaksie ontstaan, met spesifieke verwysing na toepaslike wetgewing, ondersteunende regulasies of op soortgelyke ander wyse;***
 - (b) ***die wyse waarop die transaksiebedrag bepaal word;***
 - (c) ***rente of ander koste wat gehef word (indien toepaslik), met inbegrip van die grondslag en koers wat gebruik word;***
 - (d) ***die grondslag wat gebruik word om te bepaal en te toets of 'n statutêre debiteur in waarde gedaal het, met inbegrip van die wyse waarop debiteure vir gesamentlike waardedaling gegroepeer en geëvalueer is; en***
 - (e) ***die diskontokoers wat aangewend is ten opsigte van die toekomstige kontantvloei, indien toepaslik, en hoe dit vasgestel is.***
- .35 ***Die drabedrag van statutêre debiteure moet afsonderlik in die aantekeninge by die finansiële state openbaar gemaak word, terwyl statutêre debiteure duidelik van debiteure wat finansiële bates is en ander debiteure onderskei moet word.***
- .36 ***'n Entiteit moet die bedrag openbaar maak van enige beduidende waardedalingsverliese, afsonderlik van enige veranderinge aan daardie waardedalingsverliese wat vir statutêre debiteure in die tydperk erken word, hetsy in die staat van finansiële prestasie of in die aantekeninge by die finansiële state.***
- .37 ***Indien 'n entiteit waardedalingsverliese in 'n voorsieningsrekening aanteken eerder as om die drabedrae van statutêre debiteure regstreeks te verminder, moet die entiteit 'n rekonsiliasie van veranderinge in daardie rekening gedurende die tydperk in die aantekeninge by die finansiële state openbaar maak.***
- .38 ***Vir beduidende waardedalingsverliese wat erken of omgeswaai word, moet 'n entiteit die vernaamste gebeure en omstandighede openbaar maak wat tot die erkenning of omswaaiing van die waardedalingsverlies gelei het. 'n Entiteit moet hierdie inligting vir ander verliese of omswaaiings in totaal verskaf.***
- .39 ***'n Entiteit moet inligting oor die sleutelaanwysers en aannames wat gebruik word om te evalueer en te bereken of statutêre debiteure gedurende die verslagdoeningstydperk in waarde gedaal het, openbaar maak.***
- .40 ***Indien 'n entiteit aanvullende sekuriteit hou, wat finansiële bates, nie-finansiële bates en ander vorme van aanvullende sekuriteit soos waarborge of beswarings oor bates kan insluit, moet die entiteit:***

- (a) sodanige bates erken indien hulle aan die erkenningsmaatstawwe in ander Standaarde van AERP voldoen;
 - (b) die aard en bedrae van aanvullende sekuriteit wat erken word (indien daar aan die maatstawwe in (a) voldoen is) of gehou word, in die aantekeninge by die finansiële state openbaar maak;
 - (c) vir aanvullende sekuriteit uitgesonderd kontant, sy beleid ten opsigte van die uitoefening van sy regte op bates wat as aanvullende sekuriteit gehou word en sy beleid vir die vervreemding of gebruik van sodanige bates in die aantekeninge by die finansiële state openbaar maak.
- .41 'n Entiteit moet inligting oor die invorderbaarheid van statutêre debiteure wat op die verslagdoeningsdatum erken word, soos volg openbaar maak:
- (a) 'n Ontleding van statutêre debiteure wat by die verslagdoening agterstallig is, en wat in waarde gedaal het.
 - (b) 'n Ontleding van statutêre debiteure wat agterstallig is en nie in waarde gedaal het nie.
 - (c) Faktore wat die entiteit oorweeg het by die evaluering van waardedalingsverliese in (a) en (b) hierbo.

Oorgangsbepalings

- .42 Die oorgangsbepalings wat by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard deur entiteite toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet met (elke) toepaslike lasgewing(s) saamgelees word.

Datum van inwerkingtrede

- .43 Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk tree in werking vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, gepubliseer sal word.

Bylae A – Toepassingsriglyne

Hierdie bylae is 'n integrerende deel van die Standaard.

TR1. Hierdie toepassingsriglyne verduidelik die toepassing van geselekteerde beginsels in die Standaard oor statutêre debiteure.

Woordomskrywings

Statutêre debiteure

TR2. Debiteure in die openbare sektor kan voortspruit uit kontrakte of wetlike vereistes. Slegs daardie debiteure wat uit wetgewing of 'n gelykwaardige middel voortspruit, soos regulasies en verordeninge, of ander dokumente wat ingevolge wetgewing uitgereik is, soos ministeriële bevels en kabinets- of munisipale besluite, word beskou as “statutêre debiteure” en val binne die omvang van hierdie Standaard.

TR3. Die openbare sektor is 'n hoogs gereguleerde omgewing met 'n aantal oorkoepelende wette of regulasies wat die optrede of gedrag van entiteite beheer. Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), Wet No.1 van 1999 (soos gewysig), en die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (WMFB), Wet No. 56 van 2003, verskaf voorskrifte vir die bestuur van entiteite se finansies. Selfs indien 'n entiteit se bedrywighede deur wetgewing gereguleer word, beteken dit nie dat alle transaksies wat hy aangaan, uit wetgewing voortspruit nie. Insgelyks kan van 'n entiteit verwag word om bepaalde dienste te lewer of sekere aktiwiteite te onderneem ooreenkomstig die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet No. 108 van 1996). Dit beteken nie dat die lewering van hierdie dienste of die onderneming van hierdie aktiwiteite statutêre transaksies is nie. Transaksies word slegs as statutêr beskou indien hulle onderneem word vanweë spesifieke wetlike vereistes wat van 'n entiteit vereis of hom toelaat om daardie transaksies aan te gaan.

TR4. Die volgende voorbeeld illustreer die toepassing van paragraaf TR3. Die finansiële sake van munisipaliteite word deur die WMFB beheer. Hierdie wetgewing vereis van hulle of laat hulle toe om sekere aktiwiteite te onderneem om hul mandate te vervul. Dít vereis weer van hulle dat hulle bepaalde transaksies onderneem, soos die verkryging van goedere en dienste. Selfs al word die verkryging van goedere en dienste deur voorskrifte in wetgewing beheer, sal die individuele transaksies met verskaffers heel waarskynlik kontraktueel van aard wees aangesien die munisipaliteit kan bepaal met wie geskakel moet word, en volgens watter bepalinge en voorwaardes. Andersyds kan spesifieke wetgewing voorskryf dat munisipaliteite sekere transaksies moet onderneem, soos om eiendomsbelastinge ooreenkomstig die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, Wet No. 6 van 2004 en die verordeninge te hef. Aangesien hierdie transaksies spesifiek ingevolge wetgewing onderneem word wat uiteensit wie belas moet word en teen watter tariewe en bedrae, is hierdie transaksies statutêr van aard.

TR5. Debiteure wat uit kontraktuele reëlins voortspruit, verskil van statutêre debiteure omdat hulle vrywilliglik aangegaan word deur entiteite en nie aangegaan word as gevolg van spesifieke wetlike vereistes nie. (Raadpleeg die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*, paragraaf TR28. tot TR32.) Kontraktuele debiteure val, in die mate waarin hulle andersins voldoen aan die omskrywing van 'n finansiële

bate, binne die omvang van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*. Om vas te stel of 'n reëling statutêr of kontraktueel van aard is, oorweeg 'n entiteit slegs die wetlike vorm van die reëling. Indien die reëling deur spesifieke wetgewing eerder as deur 'n kontrak tussen die betrokke partye beheer word, is dit statutêr van aard.

- TR6. Die omskrywing van “statutêre debiteure” in paragraaf .05 verwys na debiteure wat “(b) vereffening deur 'n ander entiteit in kontant of 'n ander finansiële bate vereis”. “Entiteit” in hierdie konteks sluit 'n individu, trust, regspersoon of ander regsentiteit in.

Transaksiebedrag

- TR7. Transaksiebedrag word in hierdie Standaard spesifiek omskryf vir statutêre debiteure. Die transaksiebedrag van 'n statutêre debiteur word bepaal met verwysing na die spesifieke tariewe, gelde, skale of berekeningsgrondslag wat in wetgewing of soortgelyke middele gespesifiseer word. Die transaksiebedrag van gelde verskuldig aan die Kommissie vir Maatskappye en Intellectuele Eiendom vir geregistreerde maatskappye word byvoorbeeld bereken deur die toepassing van die tariewe wat in wetgewing gespesifiseer word, op die omset van die maatskappy. Bykomende voorbeelde word in paragraaf TR11 bespreek. Aangesien 'n entiteit slegs die vereistes van die toepaslike wetgewende raamwerk by die vasstelling van die transaksiebedrag in ag neem, word enige tydwaarde van geld of finansieringselemente uitgesluit uit die aanvanklike meting van statutêre debiteure.

Erkenning van statutêre debiteure

- TR8. Met die uitsondering van paragraaf .06(c) word die tydsberekening wanneer 'n statutêre debiteur erken word, nie in hierdie Standaard gespesifiseer nie. 'n Entiteit pas óf die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitrustingstransaksies* óf die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitrustingstransaksies (Belastinge en Oordragte)* toe. Indien nie een van hierdie Standaarde van toepassing is nie, moet 'n entiteit in ag neem of die debiteur aan die omskrywing van 'n bate voldoen en of daar aan die erkenningsmaatstawwe in paragraaf .06(c) voldoen word.

Meting van statutêre debiteure

Algemeen

- TR9. Statutêre debiteure word aanvanklik teen hul transaksiebedrag gemeet met gebruik van die voorskrifte van wetgewing, regulasies of 'n ekwivalent daarvan. Die transaksiebedrag word in daaropvolgende verslagdoeningstydperke aangepas om voorsiening te maak vir enige rente of ander bedrae wat 'n entiteit hef (indien dit vereis word of dit in wetgewing of soortgelyke middele toegelaat word), en om rekenskap te gee van enige waardedalingsverliese of enige bedrae wat onderken word, byvoorbeeld die vereffening van bedrae wat deur 'n debiteur verskuldig is. Indien die aanvanklike meting van 'n statutêre debiteur in 'n ander Standaard van AERP uiteengesit word, word die vereistes van daardie Standaard, asook die vereistes van hierdie Standaard, by die vasstelling van die transaksiebedrag toegepas.

Statutêre debiteure in die omvang van die Standaarde van AERP oor uitrustings- en nie-uitrustingsinkomste

- TR10. Die algemeenste voorbeelde van statutêre debiteure sluit belastings, boetes, strafbedrae, toewysings, toelaes en gelde wat ingevolge wetgewing gehef word in. Hierdie transaksies kan óf uitruiltransaksies óf nie-uitruiltransaksies wees. Entiteite moet die bepalings en voorwaardes van die transaksie evalueer en vir die aanvanklike erkenning en aanvanklike meting van hierdie transaksies óf die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* óf die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* toepas. Die vereistes van hierdie Standaard word egter ook vir die aanvanklike meting van statutêre debiteure oorweeg.
- TR11. Die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* sowel as die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* vereis aanvanklike meting teen billike waarde. By die vasstelling van die billike waarde van 'n statutêre debiteur moet 'n entiteit die vereistes van daardie Standaard toepas, met inbegrip van enige ramings- of metingsmetodes wat vir spesifieke transaksies geïdentifiseer is. Die billike waarde wat ooreenkomstig daardie Standaarde van AERP vasgestel is, is vir doeleindes van hierdie Standaard die transaksiebedrag. 'n Entiteit moet ook die vereistes in hierdie Standaard toepas vir sover dit betrekking het op die vasstelling van die transaksiebedrag wat op wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele gegrond is. Aangesien die meting van statutêre debiteure op die toepaslike wetgewende raamwerk gegrond is, sluit aanvanklike meting van die transaksie nie enige ander elemente soos die oorweging van die tydwaarde van geld of finansiering in nie.

Aanvanklike meting

Aanvanklike meting van belastings, boetes, strafbedrae, toewysings en toelaes

- TR12. Belastings, boetes, strafbedrae, toewysings en toelaes spruit voort uit nie-uitruilinkomstetransaksies. As gevolg daarvan word die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* sowel as hierdie Standaard by die aanvanklike meting van hierdie transaksies toegepas. Die billike waarde of transaksiebedrag van belastings, boetes, strafbedrae, toewysings en toelaes word bepaal met gebruik van die bedrag wat gespesifiseer word in of bereken of gehef word ooreenkomstig wetgewing of soortgelyke middele, en die toepassing van enige ramings- of metingsmetodes wat spesifiek op hierdie tipes transaksies gerig is. Die volgende voorbeelde lig die wyse toe hoe die transaksiebedrag bepaal kan word vir die transaksies wat hierbo geskets is met gebruik van die tersaaklike wetgewing of wat daaraan gelykwaardig is:
- Belastingdebiteure: Identifiseer die inkomste, aktiwiteit of goedere en dienste wat aan belasting onderhewig is, en pas die toepaslike belastingkoerse toe.
 - Boetes en strafbedrae: Identifiseer die misdrywe en oortredings waarvoor boetes en strafbedrae gehef kan word en pas die bedrae toe soos dit in wetgewing gespesifiseer word. Na gelang van die aard van die boete of strafbedrag kan 'n waarde of waardeskaal in wetgewing voorgeskryf word wat voorsiening kan maak vir 'n appèl- of geskilproses al dan nie. Indien daar andersyds geen boete- of strafbedragwaardes in wetgewing gespesifiseer word nie, kan 'n reguleerder, hof, kommissie of ander liggaam verantwoordelik wees vir oplossing van die boete of strafbedrag.

- Toewysings en toelaes: Identifiseer die waardes wat in die Wet op die Verdeling van Inkomste (WVI) of gepubliseerde begrotings (waar hulle status soortgelyk aan dié van die WVI geniet) voorgeskryf word.

Aanvanklike meting van gelde wat ingevolge wetgewing gehef word

TR13. Gelde wat ingevolge wetgewing gehef word, kan uit óf uitruil- óf nie-uitruiltransaksies voortspruit. Indien die debiteur uit 'n nie-uitruilinkomstetransaksie voortspruit, geld paragraaf TR11. Indien die debiteur uit 'n uitruilinkomstetransaksie voortspruit, moet 'n entiteit die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* op die aanvanklike erkenning en aanvanklike meting toepas, asook die vereistes van hierdie Standaard. Derhalwe moet 'n entiteit die billike waarde of transaksiebedrag van gelde wat ingevolge wetgewing gehef word, vasstel met verwysing na die gelde wat in wetgewing, regulasies of 'n ekwivalent daarvan (soos 'n beleid deur 'n beheerliggaam goedgekeur) voorgeskryf word, naas enige ramingsmetodes wat kenmerkend van hierdie tipes transaksies is.

Latere meting

Aard van rente gehef

TR14. Ingevolge die kostemetode erken 'n entiteit rente en enige ander koste as deel van die daaropvolgende meting van 'n statutêre debiteur wanneer dit vereis word, of as hy ingevolge wetgewing, ondersteunende regulasies, verordeninge of soortgelyke middele daarop geregtig is. Enige rente wat deur 'n entiteit op statutêre debiteure gehef word, word óf as uitruil- óf as nie-uitruilinkomste geklassifiseer ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* of *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)*.

TR15. Rente word geklassifiseer as óf uitruil- óf nie-uitruilrente op grond van die aard van die onderliggende transaksies. Dit beteken dat indien rente op 'n debiteur gehef word wat ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* erken en aanvanklik gemeet word, enige rente volgens die aard daarvan uitruilrente is. Insgelyks, indien 'n debiteur ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* erken en aanvanklik gemeet word, is enige rente wat op daardie debiteur gehef word, volgens die aard daarvan nie-uitruilrente. Indien rente byvoorbeeld op belastings gehef word wat nie-uitruilinkomste is en binne die omvang van die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* val, word enige rente wat gehef word ook as nie-uitruilinkomste geklassifiseer.

Waardedaling

TR16. 'n Entiteit moet op elke verslagdoeningsdatum bepaal of daar enige aanduiding bestaan dat 'n debiteur, of 'n groep statutêre debiteure, in waarde kon gedaal het. Bepaalde tipes statutêre debiteure het waarskynlik minder in waarde gedaal as ander. Dit kan byvoorbeeld onwaarskynlik wees dat debiteure vir toewysings in waarde gedaal het, aangesien die teenparty by die transaksie 'n nasionale of provinsiale departement is. Gevolglik moet 'n entiteit 'n toepaslike metodologie ontwikkel vir die kategorisering van statutêre debiteure en die versameling van inligting oor die invorderbaarheid van daardie kategorieë sodat hulle op 'n sinvolle wyse vir waardedaling aangeslaan kan word.

- TR17. Die lys aanwysers in paragraaf .21 is nie volledig nie. Daar kan ander aanduidings wees dat 'n bate in waarde gedaal het. Indien ander aanwysers toepasliker is, moet 'n entiteit dit toepas om vas te stel of 'n statutêre debiteur in waarde gedaal het. 'n Entiteit moet ook toepaslike wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele oorweeg wanneer bepaal word of daar enige aanduiding is dat 'n debiteur of groep debiteure in waarde gedaal het of ont erken behoort te word.
- TR18. Indien 'n entiteit die toekomstige kontantvloei van 'n debiteur raam, moet hy die bedrag van die kontantvloei wat hy in die toekoms sal ontvang sowel as die verwagte tydsberekening daarvan in ag neem. Indien die kontantvloei waarskynlik eers een of ander tyd in die toekoms ontvang sal word, mag dit nodig wees om die uitwerking van die tydwaarde van geld te oorweeg. Indien die uitwerking van die tydwaarde van geld wesenlik is, verdiskonteer 'n entiteit die geraamde toekomstige kontantvloei met gebruik van 'n risikovrye rentekoers en pas, indien toepaslik, hierdie koers aan vir enige risiko wat spesifiek op die debiteur van toepassing is.
- TR19. Indien dit vir 'n entiteit nodig is om die verwagte kontantvloei van 'n debiteur of groep debiteure te verdiskonteer om vas te stel of dit in waarde gedaal het, word die aanvanklike uitwerking van daardie verdiskontering, asook die afwikkeling van daardie rente oor tyd, óf in die bedrag van die waardedalingsverlies wat erken word, óf as 'n aansuiwering van die waardedalingsverlies ingesluit.
- TR20. Indien 'n debiteur of groep debiteure in waarde gedaal het, gaan 'n entiteit voort om oplopings te voorsien vir enige nominale rente of ander bedrae wat aan die entiteit verskuldig is, indien dit in ooreenstemming is met die toepaslike wetgewing, regulasie of dergelike.
- TR21. Ná die erkenning van 'n waardedalingsverlies kan dit nodig wees om die bedrag van daardie waardedalingsverlies in daaropvolgende tydperke te hersien. In die besonder hersien 'n entiteit enige voorheen erkende waardedalingsverliese indien die verwagte tydsberekening of bedrag van die kontantvloei wat ingevorder moet word, verander.

Grondslag vir gevolgtrekkings

Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings bevat die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) se redes vir die aanvaarding of verwerping van bepaalde oplossings wat met die rekeningkundige verantwoording van statutêre debiteure verband hou. Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings vergesel die Standaard van AERP oor Statutêre Debiteure, maar is nie deel daarvan nie.

Agtergrond en geskiedenis

- GG1. Toe die Raad sy Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* ontwikkel het, het hulle dit oorweeg of die internasionaal aanvaarde omskrywing van 'n finansiële instrument, wat beskryf word as 'n kontrak wat aanleiding gee tot 'n finansiële bate in een entiteit en 'n finansiële las of ekwiteitsbelang in 'n ander entiteit, geskik sou wees vir die openbare sektor. Die Raad het kennis geneem dat die verwysing na “kontraktuele” reëlins die tipes reëlins wat in die openbare sektor as finansiële instrumente beskou sou kon word, beperk het. In die besonder was die Raad besorg daaroor dat debiteure en krediteure wat uit wetgewing of soortgelyke middele voortspruit, soos belastingdebiteure, uit die omskrywing van finansiële instrumente uitgesluit sou word.
- GG2. Gedurende die aanvanklike oorlegpleging oor die finansiële-instrumente-projek het die Raad voorgestel dat die omskrywing van 'n finansiële instrument gewysig word om kontraktuele reëlins asook dié wat uit wetgewing of soortgelyke middele voortspruit, in te sluit. Die Raad se belanghebbendes het nie hierdie voorgestelde verandering ondersteun nie. Gevolglik het die Raad ingestem om 'n afsonderlike projek te onderneem om die toepaslike rekeningkundige hantering van debiteure en krediteure te bepaal wat uit wetgewing of soortgelyke middele voortspruit.
- GG3. Die eerste stap in hierdie afsonderlike projek was die uitreiking van Besprekingsdokument 7 oor *Bates en Laste wat uit Niekontraktuele Reëlins Voortspruit en oor die Kenmerke van Finansiële Instrumente beskik*. Die kommentaar wat oor die voorstelle in Besprekingsdokument 7 ontvang is, is aangewend om die omvang, woordskrywings en metingsgrondslae wat in hierdie Standaard voorgestel is te formuleer. Hierdie areas, tesame met sleutelaangeleenthede wat respondente geopper het, asook die Raad se gevolgtrekkings daaroor, word in die paragrafe hier onder uiteengesit.

Omvang

- GG4. By die opstel van Besprekingsdokument 7 het die Raad oorweging daaraan geskenk of die omvang debiteure sowel as krediteure moet insluit wat nie uit kontrakte voortspruit nie. Om tot 'n besluit te kom, het die Raad daaroor besin of, en indien wel die mate waarin, riglyne reeds bestaan vir sowel debiteure as krediteure. Die mate waarin bestaande riglyne in die Standaarde van AERP ingesluit is, word in paragraaf GG5. en GG6. hier onder uiteengesit.
- GG5. Die Standaarde van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* en *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* skryf vereistes vir die aanvanklike meting van debiteure voor wanneer hulle uit uitruil- en nie-uitruilinkomstetransaksies voortspruit. Aangesien hierdie Standaarde handel oor die tydsberekening en meting van inkomste wat erken moet word, skryf hulle nie

beginsels vir daaropvolgende meting voor nie. Indien die reëlins kontraktueel is, word die latere metingsvereistes in die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* toegepas. Daar bestaan geen gelykwaardige riglyne vir debiteure wat nie uit kontrakte voortspruit nie. As gevolg daarvan het die Raad tot die gevolgtrekking gekom dat sy primêre fokus die vasstelling van die toepaslike rekeningkundige vereistes vir sodanige debiteure behoort te wees, veral na aanvanklike erkenning.

- GG6. Daarteenoor bestaan daar twee Standaarde van AERP vir krediteure: Die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* skets rekeningkundige beginsels (erkenning, aanvanklike sowel as daaropvolgende meting en onderkenning) vir krediteure wat uit wetgewing of gelykwaardige middele voortspruit. Die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* skets rekeningkundige beginsels (erkenning, aanvanklike sowel as daaropvolgende meting en onderkenning) vir krediteure wat uit kontrakte voortspruit.
- GG7. Hoewel daar geen tekort aan rekeningkundige riglyne vir krediteure is nie, was die Raad van oordeel dat dit geregverdig kan wees om dit te oorweeg of simmetrie nodig is tussen die rekeningkundige benaderings en metingsgrondslae wat op debiteure en krediteure toegepas word. Die Raad het beslis dat simmetrie veral belangrik kan wees indien die teenpartye vir debiteure en krediteure binne dieselfde ekonomiese entiteit val. As gevolg daarvan het die Raad ingestem dat die Besprekingsdokument sowel debiteure as krediteure moet insluit.
- GG8. In die Besprekingsdokument het die Raad voorgestel dat 'n geamortiseerde kostemodel vir niekontraktuele debiteure gebruik word en het gevolglik geamortiseerde koste vir niekontraktuele krediteure voorgestel waar hul tydsberekening en bedrag seker is. Respondente op die Besprekingsdokument het hierdie benadering verwerp, en in plaas daarvan voorgestel dat 'n kostegebaseerde metingsgrondslag vir niekontraktuele debiteure gebruik word. Die Raad het saamgestem met respondente se beweegredes vir die verwerping van 'n geamortiseerde kostebenadering ten gunste van 'n kostegebaseerde metingsgrondslag en het besluit dat die Standaard op daardie grondslag ontwikkel behoort te word (dit word in paragraaf GG16. tot GG23. hier onder breedvoeriger bespreek). Aangesien die benadering in die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* die sterkste ooreenkom met 'n kostegebaseerde model vir krediteure, het die Raad ingestem dat die omvang van die Standaard beperk moet word tot niekontraktuele debiteure. Die oorblywende gedeelte van die Grondslag vir Gevolgtrekkings fokus op die Raad se besluite oor niekontraktuele debiteure.

Woordomskrywings

Onderskeiding tussen kontraktuele en statutêre debiteure

- GG9. Soos in GG1. hierbo opgemerk, spruit finansiële instrumente voort uit kontraktuele reëlins. Daar is geen spesifieke omskrywing van 'n "kontrak" in die Standaarde van AERP ingesluit nie. By die ontwikkeling van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* het die Raad egter die noodsaaklike kenmerke van 'n kontraktuele reëling geskets, wat soos volg is:

- (a) Die partye by die reëling moet gewillig wees.

- (b) Die reëling moet aanleiding gee tot regte en verpligtinge vir die partye by die reëling.
 - (c) Prestasie en die regs middel vir wanprestasie is afdwingbaar.
- GG10. By die bepaling van die grens tussen finansiële instrumente en hierdie Standaard het die Raad besin of die kenmerke van 'n kontrak wat hierbo geskets word, by die bepaling van die aard van 'n reëling gebruik sou kon word. Die Besprekingsdokument het derhalwe voorgestel dat, by die bepaling of 'n reëling kontraktueel is al dan nie, 'n entiteit wese bo vorm moet oorweeg en bepaal of die kenmerke van 'n kontrak aangetoon word al dan nie, selfs indien die transaksie ooreenkomstig spesifieke wetgewing onderneem word.
- GG11. Respondente op die Besprekingsdokument het hierdie benadering verwerp en aangedui dat vanweë die regsraamwerke wat kontrakte en transaksies wat uit wetgewing voortspruit, beheer, wese bo vorm nie toegepas kan word nie. In die besonder is opgemerk dat indien 'n reëling uit wetgewing voortspruit, dit om die volgende redes nie kontraktueel kan wees nie:
- (a) Kontrakte word deur gemenerereg beheer en derhalwe is wetgewing (indien spesifieke wetgewing bestaan) van hoër gesag as gemenerereg.
 - (b) Die partye by kontraktuele reëlings is gewillig, terwyl transaksies en reëlings wat deur wetgewing beheer word, heel dikwels verpligte transaksies is, bv. belastings, boetes, toewysings en gelde wat ooreenkomstig wetgewing gehef word.
- GG12. Respondente was ook van mening dat die toepassing van die kenmerke van 'n kontrak na analogie van transaksies wat op grond van spesifieke wetlike vereistes onderneem word, oordrewe ingewikkeld en subjektief kan word. Ter illustrasie kan 'n individu die gevolgtrekking maak dat hy/sy verkies om in 'n bepaalde omgewing te woon en dat die betaling van eiendomsbelastings, na analogie, derhalwe 'n kontraktuele reëling is.
- GG13. Gegronde op die reaksies het die Raad ooreengekom dat daar twee kategorieë debiteure moet wees en dat hierdie kategorieë onderskei moet word op grond van die wetlike raamwerk wat hulle beheer, d.w.s. kontraktuele reëlings wat deur gemenerereg beheer word, en statutêre reëlings wat deur spesifieke wetgewing, regulasies, of dokumente wat ooreenkomstig wetgewing uitgereik is, soos ministeriële bevels, kabinets- en raadsbesluite of soortgelyke middele, beheer word.

Erkenning van statutêre debiteure

- GG14. Statutêre debiteure spruit hoofsaaklik voort uit uitruil- en nie-uitruilinkomstetransaksies. Die Raad het tot die gevolgtrekking gekom dat indien debiteure uit hierdie transaksies voortspruit, die toepaslike Standaarde van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* en *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* toegepas behoort te word op die erkenning van statutêre debiteure.
- GG15. Die Raad het besluit dat daar statutêre debiteure kan wees wat uit ander transaksies kan voortspruit. 'n Voorbeeld van so 'n transaksie kan wees die erkenning van debiteure wat verband hou met konstruksiekontrakte wat in 'n afsonderlike Standaard van AERP hanteer word. Die Raad het ooreengekom dat 'n entiteit, vir aanvanklike erkenning, in sulke omstandighede moet bepaal of enige ander

Standaard van AERP betrekking het op die aanvanklike erkenning van die debiteur of, andersins, die vereistes van die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State* toepas.

Meting van statutêre debiteure

Bepaling van 'n toepaslike metingsbenadering

GG16. In die Besprekingsdokument het die Raad twee benaderings geskets wat vir die meting van statutêre debiteure haalbaar kan wees: geamortiseerde koste minus waardedaling (soos in die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* beskryf) of koste minus waardedaling. Die implikasies van die voorgestelde benaderings is soos volg:

- (a) Ooreenkomstig die geamortiseerde kostebenadering sou van entiteite vereis word om debiteure teen billike waarde te erken (soos deur die Standaard AERP oor *Inkomste uit Uitrustingstransaksies* en *Inkomste uit Nie-uitrustingstransaksies (Belastinge en Oordragte)* vereis). Billike waarde sou die transaksiebedrag (bv. die bedrag wat ooreenkomstig wetgewing gehef word) insluit, maar sou 'n vasstelling van die billike waarde van enige ander elemente in die transaksie insluit, met inbegrip van enige finansieringselemente ("krediet") in die reëling. Die toepassing van hierdie benadering beteken dat entiteite 'n markverwante rentekoers vir 'n vergelykbare instrument sou moes bepaal, op vergelykbare voorwaardes en met dieselfde risiko-eienskappe, teen aanvanklike erkenning en, indien dit wesenlik is, die debiteur verdiskonteer. Hierdie koers sou dan by die toepassing van die geamortiseerde kostebenadering as die effektiewe rentekoers gebruik word.
- (b) Ooreenkomstig die benadering van koste minus waardedaling sou die debiteur aanvanklik teen billike waarde erken word, behalwe dat die billike waarde by aanvanklike erkenning die transaksiebedrag sou wees en die gevolge van enige finansieringselemente sou ignoreer. Die transaksiebedrag sou derhalwe bereken word op grond van die bedrae wat in wetgewing beskryf word, of die ekwivalent daarvan.

GG17. Die Raad het in die Besprekingsdokument aangedui dat sy voorkeurbenadering geamortiseerde koste is minus waardedaling, aangesien statutêre debiteure in wese vergelykbaar is met finansiële debiteure soos die teenpartye bekend staan, en die bepalinge en voorwaardes gespesifiseer is. Aangesien die meeste entiteite die geamortiseerde kostebenadering vir kontraktuele debiteure aanwend, was die Raad ook van mening dat dit in die praktyk makliker kan wees om dieselfde rekeningkundige vereistes toe te pas vir kontraktuele sowel as statutêre debiteure, veral vir entiteite wat albei tipes debiteure het, bv. munisipaliteite.

GG18. Gedurende die oorlegpleging het respondente aangedui dat, waar hulle oor kontraktuele sowel as statutêre debiteure beskik, hulle reeds daardie debiteure met gebruik van verskillende metingsgrondslae in rekening bring. Respondente het oor die algemeen aangedui dat statutêre debiteure aanvanklik teen koste in rekening gebring word, wat gelykstaande is aan die transaksiebedrag, en daarna vir waardedaling getoets word.

GG19. Respondente het opgemerk dat die rede vir die gebruik van koste eerder as geamortiseerde koste die ingewikkeldheid is wat met die aanvanklike erkenning en

meting van statutêre debiteure gepaard gaan. Aangesien statutêre debiteure dikwels in wese nie-uitruildebiteure is, word in 'n aansienlike mate op die gebruik van ramings vertrou, enersyds om vas te stel of 'n transaksie erken kan word en andersyds wat die bedrag is waarteen dit gemeet behoort te word. Indien ramings gebruik word om debiteure volgens die geamortiseerde koste te meet, sal die debiteur, wanneer die ramings ook al hersien word, hersien moet word om nie slegs die verandering in raming nie, maar ook die verdiskontering van daardie hersiene ramings weer te gee. Dit beteken dat enige hersienings van die ramings aanleiding sou gee tot 'n wins of verlies, aangesien die nuwe ramings met gebruik van die effektiewe rentekoers verdiskonteer sou moes word.

- GG20. Die Raad het met respondente saamgestem dat die mate waarin ramings gebruik word om bepaalde tipes nie-uitruiltransaksies, veral belastings en boetes, te erken en te meet, ooreenkomstig die geamortiseerde kostebenadering buitensporige kompleksiteit tot gevolg kan hê. Die Raad het ook kennis geneem dat die aanbieding van wins of verlies op enige hersiening van ramings van belasting- en boetedebiteure gebruikers vir rekenpligtigheds- en besluitnemingsdoeleindes dalk nie van die mees toepaslike inligting sal voorsien nie.
- GG21. Respondente het ook opgemerk dat die geamortiseerde kostebenadering, minstens by aanvanklike erkenning en aanvanklike meting, gegrond is op die feit dat daar in die mark vergelykbare transaksies bestaan. Hulle het aangedui dat daar vanweë die aard van sodanige transaksies geen mark daarvoor bestaan nie. Daar is byvoorbeeld geen ekwivalente mark vir belastings, boetes, toewysings en gelde hef om bepaalde aktiwiteite te reguleer nie. Die afwesigheid van 'n mark bring mee dat die vasstelling van 'n markverwante rentekoers vir aanvanklike meting moeilik en arbitrêr is. In die meeste gevalle het die entiteit wat vir die heffing en invordering van hierdie inkomste verantwoordelik is, geen diskresie oor met wie hy sake doen nie, of die bepalinge en voorwaardes van die transaksie nie, aangesien dit in wetgewing of die ekwivalent daarvan vasgelê is.
- GG22. Sommige respondente het die gedagte dat daar "finansierings"-elemente in transaksies soos belastings, boetes en toewysings voorkom, bevraagteken. Vir belastings en boetes het hulle aangevoer dat die tydperk wat toegelaat word om enige uitstaande bedrae te vereffen, gesien moet word as 'n administratiewe maatreël eerder as die verlening van krediet. Dit is veral belangrik omdat partye in die tydperk wat toegelaat word om hierdie transaksies te vereffen, toegelaat kan word om teen die verskuldigde bedrag te appelleer of geskille aanhangig te maak. Respondente het ook opgemerk dat daar vir sekere transaksies geen vereffeningsstydperk kan wees nie, byvoorbeeld vir toewysings wat betaal word op grond van die algehele kontantbedrag wat by die nasionale en provinsiale regering beskikbaar is.
- GG23. Die Raad het saamgestem met respondente se sienings dat die toepassing van 'n metingsgrondslag wat die uitwerking van enige finansieringselemente in ag neem en aanvaar dat 'n markkoers bepaal kan word vir die finansieringselemente in daardie transaksies, ontoepaslik is, omdat die inligting wat geproduseer word, nie by die vasstelling van rekenpligtigheid of die neem van besluite moontlik nie vir gebruikers toepaslik kan wees nie. Die Raad het saamgestem dat die toepassing van 'n kostegebaseerde benadering meer toepaslike inligting kan bied oor statutêre debiteure wat aan 'n entiteit verskuldig kan wees, hul invorderbaarheid en, deur

behoorlike openbaarmaking, die uitwerking van sodanige debiteure op 'n entiteit se finansiële prestasie, finansiële stand en kontantvloei.

Die toepassing van 'n kostegebaseerde metingsbenadering

- GG24. Die Raad het beslis dat die toepassing van 'n kostegebaseerde metingsbenadering beteken het dat die transaksie aanvanklik teen koste gemeet moet word. Die Raad het ingestem dat "koste" vir statutêre reëlins die voorskrifte van wetgewing of 'n ekwivalent daarvan sou weergee en die uitwerking van verdiskontering of die tydwaarde van geld sou ignoreer. Die Raad het ingestem dat hierdie koste – die "transaksiebedrag" genoem – onveranderd behoort te bly tot tyd en wyl dit óf geheel en al óf gedeeltelik onderken is.
- GG25. Die Raad het egter tot die gevolgtrekking gekom dat dit nodig mag wees om 'transaksiebedrag' ná aanvanklike erkenning te wysig ten einde nuttige inligting aan gebruikers van die finansiële state te voorsien. In die besonder het die Raad beslis dat aanpassings nodig mag wees om die volgende weer te gee: (a) enige rente of ander bedrae wat die entiteit moet hef of toegelaat word om te hef, asook (b) enige bedrae wat oninvorderbaar is of mag wees, deur vas te stel of die debiteure in waarde gedaal het.
- GG26. Die Raad het ook kennis geneem dat, waar die debiteure uit inkomstetransaksies ontstaan het, daar bestaande vereistes is betreffende die aanvanklike meting van hierdie transaksies. Die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitrustingstransaksies* en *Inkomste uit Nie-uitrustingstransaksies (Belastings en Oordragte)* vereis gebruikmaking van billike waarde vir aanvanklike meting.
- GG27. By die oorweging of "billike waarde" in daardie ander Standaard dieselfde is as "transaksiebedrag" in hierdie Standaard, het die Raad die riglyne in ander Standaard van AERP ondersoek. Die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* toon aan dat die billike waarde van 'n finansiële instrument oor aanvanklike erkenning normaalweg dieselfde is as die transaksieprys, behalwe indien deel van die teenprestasie wat uitgeruil word, vir iets anders is as die finansiële instrument. Vir statutêre debiteure word teenprestasie slegs gegee om te vergoed vir verskuldigde bedrae ingevolge wetgewing of 'n vergelykbare middel. Geen ander elemente bestaan nie, omdat die transaksies nie vergelykbaar is met ander debiteure in die mark nie. As gevolg daarvan bestaan daar geen finansiering of markverwante rente-elemente nie. Die Raad het derhalwe tot die gevolgtrekking gekom dat die "billike waarde" van 'n statutêre debiteur wat bepaal is met gebruik van die Standaard van AERP wat met inkomste te maak het, dieselfde is as die transaksiebedrag wat in hierdie Standaard bedoel word.

Rente wat op statutêre debiteure gehef word

- GG28. Respondente wat op die Konsep vir Kommentaar gereageer het, het die aard van rente wat op statutêre debiteure gehef word, bevraagteken, en veral die vraag gestel of dit dan uitrustings- of nie-uitrustingsrente is. Die Raad het twee argumente oorweeg:
- (a) Aangesien rente as gevolg van uitgestelde betaling gehef word, kan dit beskou word as vergoeding vir die gebruik van geld en is derhalwe altyd uitrustingsrente.
 - (b) Die aard van enige rente wat gehef word, is afhanklik van die aard van die onderliggende transaksie, d.w.s. as 'n transaksie 'n nie-uitrustingstransaksie is, dan is

enige rente wat gehef word, ook nie-uitruilrente. Insgelyks, as dit 'n uitruiltransaksie is, dan is enige rente ook uitruilrente.

- GG29. Die Raad het dit duidelik gestel dat hoewel daar in beide argumente meriete is, hulle ten gunste is van die benadering dat die aard van die onderliggende transaksie gebruik moet word om die aard van enige rente wat op daardie transaksies gehef word, te bepaal. In die besonder het die Raad opgemerk dat dit op die oog af ontoepaslik, en onprakties, blyk te wees om rente op transaksies verskillend te klassifiseer as vir die onderliggende transaksie self. Op grond van hul gevolgtrekkings het die Raad ooreengekom om die Standaarde van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* en *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* te wysig om dit duidelik te maak dat rente wat deur 'n entiteit gehef word, óf uitruil- óf nie-uitruilrente kan wees.

Vasstelling of statutêre debiteure in waarde gedaal het

- GG30. Ten einde aan gebruikers inligting te verskaf oor die invorderbaarheid van bedrae wat aan die entiteit verskuldig is, het die Raad ooreengekom dat dit nodig is om op elke verslagdoeningsdatum vas te stel of statutêre debiteure in waarde gedaal het.
- GG31. Die Raad het ooreengekom dat 'n aanvanklike evaluering onderneem moet word om vas te stel of daar enige aanduiding is dat 'n statutêre debiteur in waarde gedaal het. In die lig van die volume debiteure het die Raad ooreengekom dat hierdie evaluering eerstens uitgevoer moet word vir enige individueel beduidende statutêre debiteure en daarna deur die saamgroepering van groepe individueel onbeduidende statutêre debiteure wat soortgelyke kenmerke openbaar. Enige individueel beduidende debiteure wat nie op hul eie beskou word dat hulle waarde gedaal het nie, moet by ander debiteure gegroepeer word en vir waardedaling evalueer word. In die lig van die verskeidenheid van die tipes nie-uitruildebiteure wat daar bestaan, het die Raad ooreengekom dat dit nie haalbaar is om hierdie spesifieke kenmerke te omskryf nie. Hy het egter ingestem dat die kenmerke inligting oor die invorderbaarheid van die bedrae moet aantoon, wat mag insluit dat aangetoon word hoe invordering afdwing kan word en of die instelling van afdwingingsoptrede waarskynlik is.
- GG32. Die Raad het oorweeg wat die geskikste benadering sou wees om waardedalingsverliese van statutêre debiteure te meet. Die Raad het ooreengekom dat, omdat die debiteur tot gevolg sal hê dat kontant of 'n ander finansiële bate deur die entiteit ontvang sal word, waardedalingsverliese bereken moet word deur die vergelyking van die drabedrag van die debiteur met die geraamde toekomstige kontantvloei. By die formulering van die waardedalingsbenadering vir statutêre debiteure het die Raad tot die gevolgtrekking gekom dat die benadering wat aanvaar word, vergelykbaar moet wees met die waarde-in-gebruikbenadering in die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*.
- GG33. Die geraamde kontantvloei sou gegrond wees op die bedrae wat die bestuur verwag om te ontvang gegrond op feite en omstandighede op die verslagdoeningsdatum. Die Raad het ooreengekom dat hoewel statutêre debiteure oor die algemeen korttermyndebiteure is en dat die uitwerking van verdiskontering waarskynlik niewesenlik sal wees, entiteite die geraamde toekomstige kontantvloei moet verdiskonteer in omstandighede waar dit wesenlik is. Enige veranderinge aan die verwagte tydsberekening en bedrag van die kontantvloei moet in rekening

gebring word as 'n hersiening van die waardedalingsverlies wat voorheen erken is en 'n positiewe of negatiewe verandering tot gevolg sou kon hê. Indien verdiskontering toegepas word, het die Raad ooreengekom dat die afwikkeling van sodanige rente die waardedalingsverlies wat erken is, aanpas en nie die aanvanklike transaksiebedrag nie.

Ont erkenning van statutêre debiteure

GG34. Toe die Raad besin het oor watter ont kenningsvereistes vir statutêre debiteure toepaslik sou wees, het hulle die aard van die onderliggende transaksies en die manier waarop dit afgehandel kan word, oorweeg:

- Aangesien 'n statutêre debiteur vereffening in kontant of 'n ander finansiële bate vereis, sou enige bedrae wat ter vereffening oorgedra word, daartoe aanleiding gee dat die debiteur erken word.
- Die entiteit kan afstand doen van sy reg om enige toekomstige kontantvloei te ontvang, byvoorbeeld deur 'n spesifieke beleidsbesluit soos 'n belastingamnestieprogram.
- Hoewel dit as seldsaam beskou word, kan entiteite sekuritering of faktorering van hul debiteure aangaan.

GG35. Gegrond op die wyses waarop regte en verpligtinge wat met statutêre debiteure geassosieer word, vereffen word, het die Raad beslis dat die ont kenningsvereistes in die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* toepaslik is. Die ont kenningsvereistes in hierdie Standaard is derhalwe ontwikkel met gebruik van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*.

Aanbieding en openbaarmaking

GG36 By die formulering van die aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes van die Standard het die Raad oorweeg watter inligting gebruikers van die finansiële state tersaaklik kan vind vir rekenpligtigheid en besluitneming. Die Raad het beslis dat die volgende inligting vir gebruikers nuttig kan wees:

- (a) Alle statutêre debiteure word toepaslik weergegee in die staat van finansiële stand en die gepaardgaande aantekeninge.
- (b) Enige inkomste (rente) en uitgawes (waardedalingsverlies of omswaaiings) word óf in die staat van finansiële prestasie óf die gepaardgaande aantekeninge weergegee.
- (c) Voldoende inligting word in die aantekeninge by die finansiële state oor die volgende voorsien:
 - Die aard van en tipe statutêre debiteure. Hierdie inligting word voorsien deur die openbaarmakings in die Standaarde van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies* en *Inkomste uit Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte)* waarin inligting oor die inkomstetipes vereis word. Die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* vereis dat debiteure uit uitruil- en uit nie-uitruiltransaksies geskei moet word.
 - Inligting oor die invorderbaarheid van drabedrae wat in die staat van finansiële stand weergegee word.
 - Die onderskeid tussen debiteure wat finansiële bates is en statutêre debiteure.

- Die grondslag wat aangewend word om statutêre debiteure in rekening te bring, in die besonder die reëlins aangaande die omstandighede wanneer rente gehef word, op watter grondslag, en teen watter tempo. Die beleid behoort ook inligting oor die waardedalingmetodologie wat gevolg word, te beskryf – in die besonder hoe debiteure saamgegroepeer is en, indien dit verdiskonteer is, hoe die koers bepaal is.